



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

GESTAAKTE BEDRYWIGHEDE

(AERP 100)

(HERSIEN 2013)



AERP 100

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) oor *Gestaakte Bedywighede* kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) 5 oor *Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations* wat deur die International Accounting Standards Board (IASB) uitgegee is. Die IASB het 'n omvattende korpus van IFRS'e uitgegee. Uittreksels uit die IFRS oor *Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations* word met die toestemming van die IASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IFRS is dié wat deur die IASB in die Engelse taal gepubliseer is en afskrifte kan direk verkry word van:

IASB Publications Department

30 Cannon Street

London EC4M 6XH

United Kingdom

Internet: <http://www.iasb.org>

Kopiereg vir IFRS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IASB is in die International Accounting Standards Committee Foundation (IASCF) gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.



Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Gestaakte Bedrywighede

	Paragraaf
Inleiding	
Oogmerk	.01
Omvang	.02 - .03
Woordomskrywings	.04 – .08
Gestaakte bedrywighede	.05 - .08
Aanbieding en openbaarmaking van gestaakte bedrywighede	.09 - .14
Aanbieding van gestaakte bedrywighede	.10 - .12
Openbaarmaking van gestaakte bedrywighede	.13 - .14
Oorgangsbepalings	.15 - .18
Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP	.15
Wysigings aan Standaarde van AERP	.16 - .18
Datum van inwerkingtrede	.19 - .20
Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP	.19
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.20
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Niebedryfsbates Gehou vir Verkoop en Gestaakte Bedrywighede</i> (2010)	. 21
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Financial Reporting Standard oor <i>Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations</i> (April 2009)	

GESTAakte BEDRYWIGHede

Hierdie Standaard is oorspronklik in Februarie 2010 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit soos volg gewysig:

- Die meting, aanbieding en openbaarmakingsvereistes wat verband hou met niehandelsbates wat gehou word vir verkoop is in Februarie 2013 herroep.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Gemerkte Engelse eksemplaar met die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 100 aangebring is, asook die jongste gevolglike wysigings is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir



AERP 100

Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir die volgende entiteite wat die Standpunte van AARP toepas:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Gestaakte Bedrywighede* word in paragraaf .01 tot .21 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef aan elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Oogmerk

- .01 Die oogmerk van hierdie Standaard is om die aanbieding en openbaarmaking van gestaakte bedrywighede te spesifiseer. Die Standaard vereis in die besonder dat die resultate van gestaakte bedrywighede afsonderlik in die staat van finansiële prestasie aangebied word met addisionele openbaarmakings wat in die aantekeninge by die finansiële state voorsien word.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard in die aanbieding en openbaarmaking van gestaakte bedrywighede toepas.*
- .03 Die openbaarmakingsvereistes van hierdie Standaard is nie op die kombinerende entiteite in 'n samesmelting van toepassing nie.

Woordomskrywings

- .04 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:*

Kontantgenererende bates is bates wat gehou word met die primêre doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer.

'n Kontantgenererende eenheid is die kleinste identifiseerbare groep bates wat gehou word met die primêre oogmerk om 'n kommersiële opbrengs te genereer wat kontantinvloei genereer deur voortgesette gebruik wat hoofsaaklik onafhanklik van die kontantinvloei vanaf ander bates of groepe bates is.

'n Komponent van 'n entiteit is die bedrywighede en kontantvloei wat duidelik, bedryfsgewys en vir verslagdoeningsdoeleindes, van die res van die entiteit onderskei kan word.

Gestaakte bedrywigheid is 'n komponent van 'n entiteit wat hetsy vervreemd is en:

- (a) 'n onderskeibare aktiwiteit, groep aktiwiteite of geografiese gebied van bedrywigheid weergee;
- (b) deel is van 'n enkele gekoördineerde plan om 'n onderskeibare aktiwiteit, groep aktiwiteite of geografiese gebied van bedrywighede te vervreem; óf
- (c) 'n beheerde entiteit is wat eksklusief met die oog op herverkoop verkry is.

Niekontantgenererende bates is bates buiten kontantgenererende bates.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Gestaakte bedrywigheid

- .05 'n Komponent van 'n entiteit sluit bedrywighede en kontantvloei in wat duidelik operasioneel en vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes onderskeibaar is van die res

AERP 100

van die entiteit. 'n Komponent van 'n entiteit sou, met ander woorde, 'n kontantgenererende eenheid, 'n groep kontantgenererende eenhede of niekontantgenererende bates gewees het, terwyl dit vir gebruik gehou is.

- .06 'n Onderskeibare aktiwiteit of groep aktiwiteite in die konteks van hierdie Standaard verwys na die vervreemding van 'n beduidende bedryfsaktiwiteit binne die entiteit. 'n Elektrisiteitsverspreidingseenheid binne 'n munisipaliteit kan, byvoorbeeld, 'n onderskeibare aktiwiteit of groep aktiwiteite wees wat afsonderlik vervreem kan word.
- .07 By vervreemding van 'n komponent kan 'n entiteit die bates en laste (indien daar is) óf individueel óf in klein groepe vervreem. Die uitwerking is dat die vereffening van laste oor 'n tydperk kan plaasvind. Om te kwalifiseer as 'n gestaakte bedrywigheid moet die vervreemding binne 'n enkele gekoördineerde plan plaasvind.
- .08 'n Entiteit kan 'n komponent vervreem sonder dat dit aan 'n ander entiteit verkoop of oorgedra word, byvoorbeeld, groepe bates wat gebruik sal word tot die einde van hul ekonomiese gebruiksduur of aktiwiteite wat gestaak eerder as verkoop sal word. Komponente wat op hierdie manier vervreem word, word deur afstanddoening vervreem. 'n Komponent waarvan afstand gedoen is, sal 'n gestaakte bedrywigheid wees indien dit andersins aan die maatstawwe in die woordoms krywing van 'n gestaakte bedrywigheid voldoen. Indien bates of aktiwiteite binne 'n komponent tydelik uit gebruik geneem of gestaak word moet dit nie rekeningkundig as 'n gestaakte bedrywigheid verantwoord word nie. Net so geld dit nie as afstanddoening om die omvang van 'n komponent of die manier waarop 'n aktiwiteit onderneem word te verander nie.

Aanbieding en openbaarmaking van gestaakte bedrywighede

- .09 ***'n Entiteit moet inligting aanbied en openbaar maak wat gebruikers van die finansiële state in staat stel om die finansiële uitwerking van gestaakte bedrywighede te evalueer.***

Aanbieding van gestaakte bedrywighede

- .10 'n Entiteit moet die volgende openbaar maak:
 - (a) 'n enkele bedrag as lynitem in die staat van finansiële prestasie wat die totaal uitmaak van:
 - (i) die voorbelaste oorskot of tekort van gestaakte bedrywighede; en
 - (ii) die voorbelaste wins of verlies wat erken word by die vervreemding van die gestaakte bedrywigheid;
 - (b) 'n ontleding van die enkele bedrag in (a) in:
 - (i) die inkomste, uitgawes en die voorbelaste oorskot of tekort van gestaakte bedrywighede;
 - (ii) die verbandhoudende inkomstebelastinguitgawe soos wat deur paragraaf 81(h) van die International Accounting Standard oor *Income Taxes* vereis

word (waar toepaslik); en

- (iii) die wins of verlies wat op die vervreemding van die gestaakte bedrywigheid erken word. Die ontleding kan in die aantekeninge of as lynitems in die staat van finansiële prestasie aangebied word. Indien dit as lynitems in die staat van finansiële prestasie aangebied word, moet dit in 'n segment aangebied word wat as verbandhoudend met gestaakte bedrywighede beskryf word, d.w.s. afsonderlik van voortgesette bedrywighede; en
 - (c) die netto kontantvloeï wat aan die bedryfs-, beleggings- en finansiële aktiwiteite van gestaakte bedrywighede toeskryfbaar is. Hierdie openbaarmakings kan óf in die aantekeninge óf as lynitems in die finansiële state self aangebied word.
- .11 'n Entiteit moet die openbaarmakings in paragraaf .10 heraanbied vir vorige tydperke wat in die finansiële state aangebied word sodat die openbaarmakings verband hou met alle bedrywighede wat gestaak is teen die verslagdoeningsdatum vir die jongste tydperk wat aangebied word.
- .12 Aansuiwerings in die huidige tydperk van bedrae wat voorheen in gestaakte bedrywighede aangebied is wat direk met die vervreemding van 'n gestaakte bedrywigheid in 'n vorige tydperk verband hou, moet afsonderlik in gestaakte bedrywighede geklassifiseer word. Die aard en bedrag van sodanige aansuiwerings moet openbaar gemaak word. Voorbeelde van omstandighede waarin hierdie aansuiwerings kan ontstaan, sluit die volgende in:
- (a) die oplossing van onsekerhede wat uit die bepalinge van die vervreemdingstransaksie ontstaan, soos die oplossing van aankoopprysaansuiwerings en vrywaringskewessies met die koper;
 - (b) die oplossing van onsekerhede wat uit die bedrywighede van die komponent ontstaan voor die vervreemding daarvan, en direk verband hou daarmee, soos omgewings- en ander verpligtinge wat deur die verkoper behou word; en
 - (c) die skikking van werknemersvoordeelplan-verpligtinge, met dien verstande dat die skikking direk met die vervreemdingstransaksie verband hou.

Openbaarmaking van gestaakte bedrywighede

- .13 'n Entiteit moet die volgende inligting in die aantekeninge openbaar maak in die tydperk waarin die vervreemding van 'n komponent plaasvind:
- (a) 'n beskrywing van die komponent;
 - (b) 'n beskrywing van die feite en omstandighede van die vervreemding; en
 - (c) indien toepaslik, die segment waarin die komponent aangebied word, in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening*.
- .14 Addisionele openbaarmakings oor gestaakte bedrywighede kan nodig wees om aan algemene vereistes van die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* (2010) te voldoen, veral paragraaf .17 en .91 van daardie Standaard.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP

- .15** *Die oorgangsbepalings wat deur entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .16** *'n Entiteit moet die wysigings soos volg toepas:*
- (a)** *Veranderings aan die wyse waarop niebedryfsbates gehou vir verkoop gemeet word, moet vooruitwerkend toegepas word aan die begin van die tydperk waarin hierdie wysigings aanvaar word.*
 - (b)** *Veranderings aan die wyse waarop niebedryfsbates gehou vir verkoop in die staat van finansiële stand en bygaande aantekeninge geklassifiseer en aangebied word, moet terugwerkend toegepas word deur inligting aan te suiwer vir die vroegste tydperk wat aangebied word.*
- .17** *'n Entiteit moet die wysigings aan die Standaarde soos volg toepas:*
- (a)** *Enige veranderings aan die wyse waarop niebedryfsbates wat gehou word vir verkoop gemeet word, word vooruitwerkend toegepas aan die begin van die jaar waarin die wysigings aanvaar word. Dit beteken dat 'n entiteit die reswaardes, nutsduur, waardeverminderingmetodes en enige aanwysers van waardedaling moet evalueer aan die begin van die tydperk waarin die wysigings aanvaar word en dit nie vir vorige tydperke hoef te doen nie.*
 - (b)** *Enige veranderings aan die wyse waarop niebedryfsbates wat gehou word vir verkoop in die staat van finansiële stand en die aantekeninge geklassifiseer en aangebied word, word terugwerkend toegepas deur vergelykende inligting aan te suiwer wat vir die verskillende lynitems van bates en laste in die staat van finansiële stand aangebied word.*
- .18** *Paragraaf .04 is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas vir finansiële jaartydperke wat op of ná 1 April 2015 begin. Indien 'n entiteit kies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP



AERP 100

- .19** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .20** *'n Entiteit moet hierdie wysigings toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of na 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Niebedryfsbates Gehou vir Verkoop en Gestaakte Bedrywighede (2010)

- .21** Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor *Niebedryfsbates Gehou vir Verkoop en Gestaakte Bedrywighede* wat in Februarie 2010 uitgegee is.

Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings verstrek die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die verwerping van sekere oplossings wat verband hou met die rekeningkunde vir niebedryfsbates gehou vir verkoop en gestaakte bedrywighede. Die grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor Gestaakte Bedrywighede, maar maak nie deel daarvan uit nie.

Agtergrond

- GG1. Aan die begin van die Raad se ontwikkeling van die Standaarde van AERP het hulle geëvalueer watter Standaarde in 'n omvattende rekeningkundige raamwerk ingesluit moet word. Hierdie evaluasie is grootliks gebaseer op die standarde wat deur ander bepalers van standarde soos die IASB en die IPSASB uitgegee is.
- GG2. Teen hierdie tydstip het die IASB IFRS 5 oor *Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations* uitgegee, wat die metings-, aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes vir niebedryfsbates voorskryf wat binne 'n jaar vanaf die datum van verslagdoening verkoop sal word, en aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes vir gestaakte bedrywighede. Die IPSASB het nie 'n ekwivalente Standaard uitgegee nie, en het ook nie spesifieke vereistes in bestaande IPSAS'e voorgeskryf wat verband hou met niebedryfsbates gehou vir verkoop of gestaakte bedrywighede nie. Die IPSASB het ook nie hierdie IFRS ingesluit in sy beplande byeenbringprojek nie.
- GG3. In die oorweging van die toepaslikheid van IFRS 5 vir die openbare sektor het die Raad oorweeg of die inligting wat ontstaan het uit die toepassing van IFRS 5 van toepassing sou wees vir die gebruikers van die finansiële state in die openbare sektor. Die Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat die inligting wat uit die toepassing van IFRS 5 in die openbare sektor sal ontstaan, om die volgende redes nuttig vir gebruikers sal wees:
- Niebedryfsbates, soos grond, infrastruktuur en toerusting, is kritiek vir die lewering van dienste in die openbare sektor. Indien hierdie bates verkoop gaan word eerder as om gebruik te word om dienste te lewer, moet gebruikers van die finansiële state van dié feit bewus wees. Gevolglik sal die prominensie wat IFRS 5 aan hierdie kwessies verleen, nuttige inligting vir die gebruikers van die finansiële state tot gevolg hê.
 - Indien bates verkoop eerder as gebruik gaan word, moet hulle gemeet word teen hul billike waarde minus koste van verkoop of hul drawaarde, wat ook al die laagste is. Die uitwerking is dat die bate vir waardedaling geëvalueer word.
 - Waar bestuur verbind is om 'n niebedryfsbate te verkoop binne een jaar vanaf die verslagdoeningsdatum, word afsonderlike aanbieding van hierdie bates in die staat van finansiële stand vereis. Dié verandering in aanbieding is nuttig omdat bates wat binne 'n jaar verkoop gaan word nie meer “niebedryfsbates” is nie.
- GG4. Die Raad het AERP 100 *Niebedryfsbates Gehou vir Verkoop en Gestaakte Bedrywighede* uitgegee gebaseer op die Raad se evaluasie van die

bruikbaarheid en toepaslikheid van die inligting vir gebruikers van die finansiële state, en dit is op die ekwivalente IFRS gebaseer.

Rasionaal vir wysigings

- GG5. Die IASB het 'n IFRS oor Small and Medium-sized Entities (SME's) in 2009 uitgegee. Terwyl die IFRS oor SME's op die volledige stel IFRS'e gebaseer is, is 'n aantal vereenvoudigings gemaak. Een area wat in die IFRS oor SME's vereenvoudig is in vergelyking met die volledige stel IFRS'e, is die behandeling van niebedryfsbates gehou vir verkoop en gestaakte bedrywighede. Die IFRS oor SME's vereis eers 'n waardedalingstoets wanneer bestuur voorneem om 'n niebedryfsbate te verkoop eerder as te gebruik en openbaarmakings in die aantekeninge van die finansiële state gemaak word oor die besonderhede en tydsberekening van die voorgenome verkoop.
- GG6. As gevolg van die publikasie van die IFRS oor SME's is die Raad deur sy belanghebbendes gevra om die toepaslikheid van die vereenvoudigings in hierdie standaard vir die openbare sektor te oorweeg. Die Raad het Besprekingsdokument 5 *Vergelyking van die Standaarde van AERP met die IFRS oor SME's* uitgegee en het menings oor die voorstelle in die IFRS oor SME's gevra. Respondente is ook gevra om kommentaar oor enige praktiese toepassings- of uitvoeringskwessies te lewer wat hulle gedurende die aanvaarding van AERP 100 ondervind het.
- GG7. 'n Aantal kwessies is deur die respondente geopper in verband met die toepassing van AERP 100 in die openbare sektor, spesifiek die toepaslikheid van die beginsels in AERP 100 vir die openbare sektor. Die volgende twee kwessies is konsekwent deur 'n verskeidenheid respondente ter sprake gebring:
- (a) Verkope van bates in die openbare sektor word dikwels nie binne 1 jaar afgehandel nie as gevolg van die verskeie vlakke van goedkeuring wat volgens wet vereis word. Dit beteken dat die klassifikasie as bates "gehou vir verkoop" in die staat van finansiële stand dikwels vir 'n aantal verslagdoeningstydperke behou word. Dit laat vrae ontstaan oor die toepaslikheid van dié inligting.
 - (b) Terwyl sekere bates in die openbaresektoromgewing in uitruiltransaksies verkoop word, word talle bates vervreem deur 'n oordrag of verspreiding waar geen of nominale teenprestasie ontvang word. Omdat AERP 100 slegs verkope teen billike waarde behandel, was daar talle vervreemdings van bates waarvoor geen spesifieke vereistes bestaan het nie.

Op grond van hierdie ervarings het talle respondente aangedui dat gebruikers moontlik openbaarmakings oor 'n verkoop of vervreemding nuttiger kan vind as die metings- en aanbiedingsvereistes wat tans in AERP 100 ingesluit is.

- GG8. Die Raad het ingestem om die vereistes van AERP 100 te heroorweeg, gebaseer op die terugvoer wat ontvang is. 'n Voorstel wat gedurende die raadpleging oor die IFRS oor SME's gemaak is, was om die vereistes vir bates en vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop te skei van die vereistes vir

AERP 100

gestaakte bedrywighede. Daar is verder voorgestel dat die vereistes vir bates of vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop in ooreenstemming gebring word met die IFRS vir SME's, terwyl die vereistes van AERP 100 vir gestaakte bedrywighede behou moet word. Die Raad het ingestem om hierdie voorstel in voorgestelde wysigings aan AERP 100 te ondersoek.

- GG9. In die oorweging of wysigings aan AERP 100 van toepassing is, het die Raad ook die huidige benadering en toekomstige werk van die IPSASB in verband met hierdie transaksies in ag geneem. Soos hierbo gemeld het die IPSASB tans geen spesifieke vereistes vir niebedryfsbates gehou vir verkoop nie, en hulle beplan ook nie om 'n projek in hierdie verband te onderneem nie. Kommer is veral uitgespreek oor die toepaslikheid van IFRS 5 vir die openbare sektor. Die Raad het op grond hiervan genoem dat die wysiging van GRAP 100 die Standaarde van AERP nouer met die vereistes van die IPSAS'e sal belyn.

Niebedryfsbates en vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop

- GG10. In die hersiening van die bestaande vereistes vir bates gehou vir verkoop het die Raad oorweeg hoe die metings-, aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes vereenvoudig kan word maar steeds inligting kan lewer wat in gebruikers se behoeftes voorsien.
- GG11. AERP 100 vereis tans dat bates of vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop gemeet moet word teen hul drawaarde of hul billike waarde minus koste van verkoop, wat ook al die laagste is. Omdat die gevolg van hierdie vereiste is dat entiteite enige bates wat hulle beplan om te verkoop vir waardedaling evalueer, het die Raad oorweeg dat daarvoor voorsiening gemaak kan word in die bestaande Standaarde wat met bates en waardedaling verband hou. Die Raad het ook ooreengekom dat die waardedalingsoorwegings breedvoerig toegepas moet word vir die vervreemding van niebedryfsbates en nie beperk moet word tot dié wat in uitruiltransaksies verkoop word nie. Gevolglik het die Raad nie die uiteensetting van spesifieke metingsvereistes vir bates gehou vir verkoop ondersteun bo en behalwe dié wat reeds in bestaande Standaarde vereis word nie.
- GG12. In die oorweging daarvan of spesifieke aanbiedingsvereistes nodig is, het die Raad oorweeg of spesifieke gebruikers van die finansiële state, byvoorbeeld ontleders, benadeel kan word deur die insluiting van bates wat deur 'n entiteit vervreem sal word in 'n "niebedryfs"-klassifikasie in die staat van finansiële stand. Die Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie gebruikers van genoegsame inligting voorsien moet word oor die waarde van sodanige bates en die beoogde tydsberekening van hul vervreemding. Dit sal toelaat dat die finansiële staatinligting aangesuiwer kan word wanneer sekere verhoudings bereken word. Die Raad het ooreengekom dat daar gevolglik beter in die behoeftes van gebruikers voorsien kan word deur die inligting oor vervreemdings van bates in die aantekeninge by die finansiële state openbaar te maak, eerder as spesifieke aanbieding in die staat van finansiële stand. Wysigings is gevolglik gedoen aan die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State*.

AERP 100

GG13. Die openbaarmakings wat by die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* gevoeg is, vereis dat entiteite inligting openbaar maak oor beduidende bates en groepe bates en laste, of komponente (soos in AERP 100 omskryf), wat in toekomstige verslagdoeningstydperke vervreem sal word. 'n Entiteit voorsien dié openbaarmakings sodra bestuur 'n besluit geneem het om sekere bates, groepe bates en laste of komponente te vervreem. Die Raad het ooreengekom dat openbaarmaking op hierdie tydstip gebruikers van meer tydige inligting voorsien oor die beoogde vervreemding van 'n entiteit se hulpbronne. Anders as die vorige vereistes van AERP 100 het die aanbieding en openbaarmaking van sodanige inligting eers nodig geword sodra 'n entiteit 'n bindende verkoopkontrak gesluit het. Dit het beteken dat inligting eers aan gebruikers voorsien is wanneer die verkoop al amper voltooi is, en dat slegs inligting voorsien is oor dié vervreemdings wat deur 'n verkoop bewerkstellig is, eerder as deur 'n verskeidenheid maniere, met inbegrip van verkoop, oordrag of afstanddoening.

GG14. Die Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat inligting slegs openbaar gemaak moet word oor dié bates of groepe bates en laste wat beduidend is vir 'n entiteit of sy bedrywighede.

Beheerde entiteite verkry met die doel om te vervreem

GG15. AERP 6 *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* vereis tans dat beheerde entiteite wat verkry is met die doel om later herverkoop te word, gekonsolideer en gemeet, aangebied en openbaar gemaak moet word met gebruik van die vereistes in AERP 100 vir bates en vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop. Die Raad het ooreengekom dat die rekeningkundige benadering tot niebedryfsbates toegepas kan word op beleggings in beheerde entiteite. Gevolglik is spesifieke openbaarmakings wat verband hou met beleggings in beheerde entiteite wat verkry en vir herverkoop gehou word, by AERP 6 gevoeg.

Gestaakte bedrywighede

GG16. Die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes vir gestaakte bedrywighede is in AERP 100 behou.

Vergelyking met die International Financial Reporting Standard oor *Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations* (April 2009)

Die Standaard van AERP oor *Gestaakte Bedrywighede* is hoofsaaklik ontleen aan die International Financial Reporting Standard oor *Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations* (IFRS 5). Die belangrikste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Gestaakte Bedrywighede* en die IFRS oor *Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations* is soos volg:

- Anders as IFRS 5 skryf hierdie Standaard nie die meting, aanbieding en openbaarmaking voor vir niebedryfsbates en vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop nie. Hierdie Standaard sit slegs die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes uiteen vir gestaakte bedrywighede.
- Hierdie Standaard sluit gevolglike wysigings in sodat dit met ander Standaarde van AERP ooreenstem.
- Die Standaard is gewysig om na niekontantgenererende bates te verwys wat van toepassing is op die openbare sektor.
- Woordomsrywings van 'bestuur, niekontantgenererende eenhede, verhaalbare diensbedrag en waarde in gebruik van 'n kontantgenererende bate' is in die Standaard ingesluit omdat die woordomsrywings toepaslik vir die begrip van die Standaard is.
- Hierdie Standaard verwys na "onderskeibare aktiwiteit" eerder as "hoofsakeaktiwiteit" om 'n "gestaakte bedrywigheid" te omskryf en het 'n paragraaf bygevoeg om "onderskeibare aktiwiteit" te verduidelik.
- Hierdie Standaard sluit nie die vereiste in IFRS 5 in vir die openbaarmaking van die bedrag vanaf oorblywende bedrywighede wat aan die eienaars van die beherende entiteit toeskryfbaar is nie omdat die konsep van "inkomste toeskryfbaar aan die eienaars van die beherende entiteit" in die openbaresektoromgewing nog nie oorweeg is nie.
- Hierdie Standaard is nie gewysig volgens die veranderinge aan IFRS 5 nie as gevolg van die wysigings aan die International Accounting Standard oor *Presentation of Financial Statements* (IAS 1).
- Tradisionele bepalings wat van toepassing is op hierdie Standaard verskil van dié wat in IFRS 5 ingesluit is.